Die Burger

Sake24, Maandag 21 April 2008

## Wes-Kaapse sake-nuus

# Houtbaai wil groei

## Mob van Republiek skep geleenthede

**Carin Smith,** Kaapstad

Die Republiek van Houtbaai is vanjaar mondig en 'n groep sakelui genaamd die Houtbay Mob (Managing our Business) wil sorg dat die sakesektor opbloei tot voordeel van die inwoners en besoekers.

Volgens mnr. André Jacobs, die "republiek" se eie "konsul", is dit baie belangrik vir enige gebied om 'n omgewing te skep waarbinne die sakesektor kan groei.

"Mense moet graag hierheen wil kom. Kyk maar na wat die stadsverbeteringsgebied in Kaapstad se sakekern vermag het deur die aktiewe betrokkenheid van sake-ondernemings. Ons bied 'n unieke ervaring in Houtbaai en wil sorg dat ons sakekern bevorderlik is vir sakedoen," sê Jacobs.

Die Houtbay Mob beklemtoon dat Kapenaars nie 'n klomp geld hoef te bestee aan vliegkaartjies of brandstof om plekke te besoek nie.

Jacobs was voorheen bestuurder van Kaapstad Munisipaliteit se Goeie Hoop- en Suid-Skiereiland-subraad.

Mnr. Rudolf Rieger, 'n stigterslid van die Republiek van Houtbaai en ook lid van die Houtbay Mob, sê hulle wil 'n toerisme-spil skep waar toerbusse kan stilhou en nie net deurjaag op pad Kaappunt toe nie.

"Baie besoekers is beïndruk deur die besonderse kaleidoskoop van diversiteit wat ons in die Houtbaai-vallei bied – en dit net anderkant die bult van die res van die Skiereiland. Daar is mense van so ver as Alaska en Swede wat huise hier besit," sê Jacobs.



**Mnr. André Jacobs, konsul van die Republiek van Houtbaai.** Foto: VERSKAF

Die Houtbay Mob wil sorg dat daar deur die jaar 'n verskeidenheid geleenthede in hul republiek aangebied word. Van die planne sluit in 'n eie Tafel van Eenheid, 'n internasionale gebedsdag op die strand vir alle gelowe op 11 Mei, 'n Afrikaanse musiekfees in Oktober en 'n jazzfees in November.

Die Tafel van Eenheid gaan op 27 April op Houtbaai se strand aangebied word. Mense is welkom om hulle eie kos te bring of by die kelners van die omliggende restaurante iets te ete te bestel.

Die naweek van 23 tot 25 Mei vier die Republiek van Houtbaai sy 21ste verjaarsdag met 'n galadinee by die bekende Suikerbossie-restaurant en 'n straatfees en -parade.

Rieger sê Houtbaai het groot potensiaal om sy eie stadsverbeteringsgebied te kan vestig. Daar is reeds 'n goeie netwerk van buurtwagte en vrywilligers wat moontlik met 80 veiligheidswagte aangevul gaan word, danksy geldelike steun deur lede van die Mob. "Die konsep van 'n republiek laat inwoners en ondernemings toe om verantwoordelikheid vir die welstand in die gebied te aanvaar. 'n Mens moenie sit en wag dat die owerhede iets doen nie, maar eerder aktiewe stappe doen vir beveiliging en om mense die gebied te laat geniet," sê Rieger.